Helderstem

www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

Xsê en X'tussê (Christussê)

Eerskomende Woensdag het elke landsburger met stemreg die geleentheid om sy/haar kruisie te trek - my Xsê uit te oefen. 37% van alle geregistreerde kiesers was op 30 April nog nie uitgesorteer rakende die plasing van hulle Xsê kruisies nie. Baie mense is ook van mening dat hulle gaan stem om 'n "teen"-stem uit te bring.

Psalm 90 roep ons op om 'n "vir"-stem uit te bring. Ons is kinders van die opgestane lewende Here; ons is deel van God se koninkryk; God is ons skuilplek van geslag tot geslag, ongeag wie aan bewind is. Die *Message*-vertaling is aangrypend mooi gestel: "God, it seems you've been our home forever; long before the mountains were born. Long before you brought earth itself to birth, from 'once upon a time' to 'kingdom come'—you are God".

Ons Xsê is veel meer as om vir 'n bepaalde politieke party te stem, ons neem ook daarmee verantwoordelikheid om ons roeping in hierdie land uit te leef as kind van die Here, as iemand wat leef vanuit die wete dat Xhristus die opgestane lewende Here is. Dit is God se wil dat elkeen van ons wat sy Naam bely, op sy gewyde pad sal wees, juis nou terwyl alle paaie na die stembus lei. Dit is nodig dat God se mense by elke stemlokaal in elke kiesafdeling in elke provinsie in die land met die wil van God in hulle hart en denke sal aankom. Bedoelende: sy wil vir die mense van daardie streek en kiesafdeling. Dat elkeen wat gaan stem, weer die totale wysheid van die Ons Vader-gebed deur sy Gees sal insien en alles in hulleself aan Hom sal oor-gee.

Ek gaan Woensdag 'n "vir"-stem uitbring. Ek stem om in hierdie land te leef as dissipel van die opgestane lewende Here.

Sondag 5 Mei

Wintereredienstye

Xsê en X'tussê

Psalm 90

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:30 Klassiek (doop)	Paul Barnard
10:00 Meditatief	Breda Ludik
10:00 Informeel (doop)	Hannes Theron
10:00 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop GG	Danie Möller
10:00 HB Village	Paul Barnard
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Hannes Theron

Deurkollekte: Versorgingsfonds

Here God, die komende verkiesing maak baie emosies by ons los: Onsekerheid, vrees, wanhoop; maar ook dankbaarheid, hoop, verwagting. Ons bid vir vrede in die tyd en dat mense se standpunte, oortuigings en lojaliteite gerespekteer sal word; dat mense nie geïntimideer sal word nie; dat mense die voorreg om te mag stem, sal uitoefen. Ons bid vir wysheid. Laat U Naam in die tyd geheilig word, U Koninkryk kom en U wil geskied. Amen

Sondag 12 Mei Nagmaal

Wanhoop/onsekerheid

08:00 Meditatief	Hannes Theron
08:30 Klassiek	Danie Möller
10:00 Meditatief	Hannes Theron
10:00 Informeel	Breda Ludik
10:00 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop GG	Danie O'Kennedy
10:00 HB Village	Danie Möller
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Breda Ludik

Bid saam met ons vir die volgende mense:

Sarel du Toit - kanker, beenmurgoorplanting behandelings
Faan van der Westhuizen - ernstige rugoperasies en beenkanker
Paul van Staden - dementia
Ilze Havenga - wag op nier-vervanging
Emmie van Tonder - chemo-behandeling vir kanker
Adri de Vries - kanker
Baby Meyer - Spescare
Lizette van der Walt - kanker
Nancy Nel - verswak
Hanri Botha se ma - ernstig siek
Verkiesing op 8 Mei
Sri Lanka

Rou:
Ons dink aan Hennie Groenewald met sy ma wat oorlede is.

Moet ons vir jou bid? Laat weet ons asseblief by die kerkkantoor: 021-851 5582 of ontvangs@nghelder.co.za

WiFi
Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - a&8QS@xS

Dagboek

8 Mei - Doopregistrasie sluit vir Junie dope
Kontak gerus vir Grazie by ontvangs@nghelder.co.za vir die nodige reëlings.

12 Mei - Nagmaal by al die dienste

14 Mei - Terugvoering van Phuket Kortuitreik
Almal is welkom om 18:30 in die Tent. Vir navrae kontak Elsa Rinquest by elsa.rinquest@gmail.com. Laat weet vir die kerkantoor by 021-851 5582 indien jy kom.

17 Mei - Wynfunksie

30 Mei - Hemelvaartfees

2 Junie - Pinkster begin

Die week:

Maandag 6 Mei
19:00 Op pad met…
gespreksgeleentheid - Konferensielokaal

Dinsdag 7 Mei
06:00 Kom bid saam
17:45 Kantory oefen
19:00 Op pad met…
gespreksgeleentheid - Uitreikkantoor

Woensdag 8 Mei
Stemdag
Sluitingsdatum vir Junie dope

Donderdag 9 Mei
08:45 Bybelstudie
17:30 DC, DC4K, S&P en GS
19:00 Op pad met…
gespreksgeleentheid - Kapel

Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate:

Werner Bekker - Misgund
DJ en Elaine de Villiers met hul kinders David en Lea - Clocolan
Connie en Karien Van der Merwe met hul kinders Zan-Mari en Juan - Suider-Strand
Johan en Elana Van Der Wath met hul seun Gustav - Stellenbosch
John en Elsa Walton - Montagu

Die volgende ouerpare doop op 5 Mei

Klassieke diens
Johan en Melanie met Altus Johannes Erasmus
Jean en Marianne Botes met Nicolas
Jean en Marianne Botes met Kai

Informele diens
Jacques en Zoë Bredell met Marí
Willem en Marlé du Toit met Eben Willem
Jaco en Hanlie van Niekerk met James

Doopdiens - Kapel
Willie en Adeline Bruwer met Milané Judith

Wen ‘n kunswerk van jou gesin!

Met ongelooflike passie en onbaatsugtige liefde bied die Omonia-bediening in Athene al die afgelope vier jaar hulp en ondersteuning aan vlugtelinge uit hoofsaaklik Sirië, Irak en Afghanistan. Met hul holistiese benadering sien die baanbrekersegpaar Alexander en Eleni Melirrytou om na vlugtelinge se fisieke én geestelike welstand.

Helderberg Uitreik se Omonia-vlugtelingprojek het die Melirrytou-egpaar genooi om Suid-Afrika in 2020 te besoek en is tans besig om fondse daarvoor in te samel.

Ons verkoop tans kaartjies vir ’n prettige familieportret deur die kunstenaar van Kaatjie Produkte (sien foto).
Die gelukkige wenner sal ’n A3-prent ter waarde van R550 van sy of haar gesin kan bestel – die ideale geskenk vir ’n verjaarsdag of ander spesiale geleentheid. Besoek Kaatjie Produkte op Facebook of Instagram om die kunstenaar se werk te sien.

Kaartjies kos R20 een en kan by die kerkkantoor gekoop word. Die sluitingsdatum vir die kompetisie is 26 Mei en die wenner sal op 3 Junie aangekondig word.

Helderberg Seniorklub se byeenkoms vind plaas om 8:30 vir 9:30 op Dinsdag **7 Mei** in die Tent.

As jy nog nooit van aangesig tot aangesig met `n jagluiperd kennis gemaak het of aan sy sagte pels geraak het nie, kry jy nou die kans. Ons kry besoek van “Cheetah Outreach” en hulle bring een van die wonderlike diere saam.

Nuwe lede word verwelkom.
Besoekers betaal R20 en dit sluit tee en eetgoed in.

Kontakpersoon: Isabel Lubbe by 021-855 1528 of 082 844 0735

Versorgingsfonds

Hierdie projek help lidmate van Helderberg Gemeente wat in finansiële nood verkeer om so vinnig moontlik weer selfstandig en produktief in die samelewing te kan funksioneer en ook weer hul finansies en gawes terug te ploeg in die gemeente. Gewoonlik is dit lidmate wat hul werk verloor het of as gevolg van onvoorsiene omstandighede sonder inkomste is, en later sonder verblyf en kos is, wat om hulp kom aanklop.

Die projek is reeds 19 jaar betrokke en die span kan van baie suksesverhale getuig, soos bv. lidmate wat gehelp is en weer hul finansies en gawes aanwend in die gemeente.

Ons is ‘n groep van 11 vrywilligers wat die projek hanteer en ook gebruik maak van professionele vrywilligers bv. medici, sielkundiges, prokureurs en organisasies o.a. ACVV.

Die projek bestaan uit twee afdelings:

1. Finansies: Finansiële voogde wat help met die beplanning en bestuur van lidmate in nood se finansies.
2. Maatskaplik: Ondersteuning op ’n daaglikse basis.

Lidmate wat hulp ontvang, kan ongelukkig nie op die lewenstandaard waaraan hulle gewoond was, gehou word nie. Dit gaan slegs om oorlewing. Die beleid maak slegs voorsiening vir R4 500.00 pm huishuur en ’n weeklikse kospakkie.

Ons is volkome afhanklik van lidmate se vrywillige bydraes.

Almal op die projek werk gratis en gebruik hul persoonlike hulpmiddels. Die voortbestaan van die projek is afhanklik van jou onbaatsugtige bydrae.

Baie dankie

Navrae: Hennie Smit by hwjsmit@gmail.com

Die Versorgingsfonds word gedring deur dit wat die Skrif ons leer.
Matt 25:34-40: Dan sal die Koning vir die aan sy regterkant sê : “Kom julle wat deur My Vader geseën is ! .....” Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet, Ek was dors, en julle het my iets gegee om te drink; ek was ‘n vreemdeling, en julle het my gehuisves; Ek was sonder klere, en julle het vir my klere gegee; siek en julle het My verpleeg.....Vir sover julle dit aan een van die geringstes van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.....”

Natuurlik vra die Here nie altyd van ‘n mens om alles weg te gee nie. Jy kan ook God se geldelike seën aan jou geniet! Maar dat jy verantwoordelik moet gee, dit is ‘n opdrag van Christus self! (lees 1 Joh.3:16, 17)

Die Versorgimgsfonds gee jou die geleentheid om op ‘n beskeie wyse, te reageer op God se oproep om die wat in nood verkeer te help.

Kilometers vir kinders

Uyavula Lees- en Skryfprojek

Leoné Malan beplan om van 9 tot 21 Mei die Camino de Santiago pelgrimstog ten bate van Uyavula Lees- en Skryfprojek te stap. Sy beoog om tussen 160 km en 200 km te voltooi as fondsinsameling om klasbiblioteke vir kinders in gemeenskapskole in te rig. Help haar asseblief om hiervan ‘n sukses te maak deur haar te borg per kilometer of deur ‘n vaste bedrag te skenk. Borgvorm is by Ontvangs of kontak Amanda 072 874 0147, dankie.

Hoekom Kilometers vir kinders, Leoné?

Om die Camino te stap is ‘n jarelange droom wat ek binnekort gaan verwesenlik. En so ook is Uitreik die afgelope 10 jaar ‘n groot deel van my lewe. Kinders is nog altyd na aan my hart; veral kinders wat seerkry en baie seer ervaar.

Ek voel ás ons maar net vir kinders ‘n boek kan gee, stories kan lees en hulle net ‘n bietjie in ‘n fantasiewêreld kan invat; veral vir kinders wat seerkry en nie geleenthede het om wyer te kan kyk as die area waar hulle bly en al die dinge wat rondom hulle gebeur, nie. As daardie kinders tog net ‘n bietjie kan droom, dan kan hulle dalk uit hulle omstandighede kom en ‘n paar dinge gedoen kry in hul lewens, want (ek glo) as jy iets kan droom; dan kan jy dit doen. ‘n Baie belangrike ding wat jy vir kinders kan doen, is om vir hulle ‘n droom te gee!

Uyavula het oor my pad gekom en omdat ek die waarde sien in wat hierdie Uitreikprojek doen, is dit vir my ‘n voorreg om Uyavula deel te kan maak van my Camino én sodoende ook ander mense betrokke te kan kry. Ek hoop dat dit ‘n groot sukses sal wees, nie net vir my persoonlik nie, maar ook vir Uyavula.

Nog ‘n belangrike ding vir my is dat die Here sê dat Hy ons seën om ander te seën; as ons nie Sy seën uitdra nie, bêre ons dit onder ‘n klip en kan dit nie vermeerder nie. Om die kans te kry om die Camino te gaan stap is ‘n groot seën. Dis ook ‘n seën om nog iets meer daarmee te kan bereik as om net te stap vir my eie selfsugtige redes. Nie alleen gaan ek dit baie geniet nie, maar ek glo dat die Here ook vir Uyavula daardeur sal seën wat só alweer iets meer sal bereik: Dit sal nie net die kinders se lewens verryk nie, maar ook ons s’n, want dit is juis wat Uitreik doen. Uitreik verryk nie net diegene na wie uitgereik word nie, maar verryk jou eie lewe gewoonlik baie meer as wat jy op daardie oomblik besef.

So, kom “stap” saam en help om drome te skep.

Helderberg UITREIK

Hulp vir die bomslagoffers in Sri Lanka

Sri Lanka was onlangs die slagoffer van verwoestende IS terroriste aanvalle by kerke en hotelle. ‘n Spesiale oproep het van ons vennoot, die Christian Reformed Church in Sri Lanka gekom om saam met hulle twee spesifieke gesinne te help en te ondersteun. Beide gesinne het familielede (ook brood-winners) verloor en het tans nog kinders in ICU weens beserings en wonde opgedoen tydens die ontploffings. Een gesin is van die Katolieke Kerk, St. Anthony's Shrine in Negombo naby Colombo en nou verwant aan een van die CRCSL leraars en ons Sri Lanka projek. Die ander gesin is van die Protestant Zion Church in Batticaloa aan die Oos-kus van Sri Lanka.

Die effek van die bomme is wreed en verskriklik. Weens die verbod op so-siale media en Whattsapp in Sri Lanka, is kommunikasie tans moeilik, maar meer inligting oor die gesinne sal mettertyd bekom word.

Finansiële bydraes sal baie waardeer word en ‘n direkte positiewe impak op die geaffekteerde mense maak. Die fondse sal noukeurig deur ons Sri Lanka projekspan en die CRCSL bestuur word.

Betalings kan gemaak word aan:
Helderberg Uitreik
ABSA Helderberg
Rek nr 911 4483 080
Verwys: Rampfonds SL
Navrae: Paul Kilian
pckilian@gmail.com

Art 18A

Baie dankie aan almal wat geloofoffers vir Helderberg Uitreik se projekte skenk. Dit maak ‘n groot verskil in die lewens van weerlose mense. Donateurs wat vir die toepaslike projekte bydraes gemaak het na Helderberg Uitreik se bankrekening, ABSA 911 4483 080 die afgelope boekjaar, kwalifiseer vir Art 18A sertifikate en is welkom om dit aan te vra by louise@nghelder.co.za

Huisvesting vir internasionale sportleiers gesoek vir 10 en 11 Julie.
Die International Sports Leadership School op Stellenbosch (ISLS) doen leierskap-opleiding met Christen mans en vroue van verskeie lande oor die wêreld wat sport as ‘n instrument vir evangelisasie gebruik. Die opleiding vind plaas te Jonkershoek.

Vrywilligers word benodig om een of twee van hierdie leiers vir die 10 en 11 Julie te huisves. Hulle moet op 10 Julie op die lughawe afgehaal word en weer op 12 Julie in Stellenbosch besorg word. As jy belangstel op te help, kontak asb Rene Potgieter by 082 4484 711 of office4isls@gmail.com

Helderberg Gemeente

Bankbesonderhede

Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A

ABSA Helderberg-tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Helderberg NG Gemeente
021-851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 16:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za
Annette - 021-850 6923

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun. Dankie vir getroue bydraes. Lees meer op www.nghelder.co.za onder Bedieninge, Onderlinge Sorg, Versorgingsfonds

Versorgingsfonds

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*